Wapadrand Belofte GGN
8-10 April 2022

Liewe Gr. 7 Penkoppe en Drawwertjies, Verkenners en Volwasse lede,

Hiermee nooi ons julle met ***groot opgewondenheid*** uit na ons tweede Belofte GGN! Hier's jou kans om jou uitstaande GGN en belofte spesialisasies vir Voorslag, of jou ABC-spesialisasies vir die Presidentsverkennerproses, op 'n baie interessante en lekker kuier-manier af te handel!

Wapadrand se Beloftenaweek vind plaas van **8-10 April 2022** by die **Voortrekkermonument.**

[Alle Covid-regulasies sal streng toegepas word.]

Die volgende spesialisasies / kursusse word aangebied:

Gr. 7	Afrikanerkind
Gr. 7	Erfgrond
Gr. 7	Godsdiens
Gr. 7	Medemens
Gr. 8-9	Godsdiens Vandag EN Kerkjaar
Gr. 8-12	Afrikanertradisies
Gr. 8-12	Burgerskap
Gr.10-12	Gelowe

NB: Slegs 30 inskrywings per kursus word toegelaat, so stuur asb so gou moontlik julle inskrywings in!

Koste: R450 per jeuglid, R250 per volwassene.

Registrasie sal Vrydagmiddag vanaf 17:00 plaasvind en die amptelike kampopening is 18:00, waarna aandete deur die kampkombuis verskaf word. Die program sluit Sondag om 12:00 af.

Kommando's / spanne is verantwoordelik vir hulle **eie vervoer** na en van die Monument, sowel as vir **tente** om in te slaap. Tentkapasiteit moet asseblief tot 50% beperk word. Volwassenes slaap ook in eie tente of karavane.

Vir elke 10 kinders (of deel daarvan) moet 'n Kommando 'n volwassene inskryf.

DIE SLUITINGSDATUM IS VRYDAG, 25 MAART 2022, OF WANNEER DIE MAKSIMUM AANTAL INSKRYWINGS ONTVANG IS. VIR LAAT INSKRYWINGS SAL 'N FOOI VAN R50 PER INSKRYWING GEHEF WORD.

Om in te skryf:

- Skryf elektronies in by Belofte GGN Inskrywings 2022

- Maak betaling aan ***eie Kommando***.
- Wapadrand sal 'n opsommende staat aan elke Kommando stuur, met die versoek om die nodige betaling te maak.
- Inskrywings sal bevestig word nadat die toepaslike betalings ontvang is.

Slegs kommando-inbetalings sal aanvaar word. Geen terugbetalings kan gemaak word nie, maar plaasvervangers kan wel aanvaar word, indien die nodige reëlings ten minste 'n week voor die kamp getref word. Slegs geregistreerde Voortrekkers sal toegelaat word om te kamp.

Rekeningbesonderhede vir ***kommando-betalings*** (gebruik asb GGN & Kommandonaam as verwysing): Wapadrand Voortrekkerkommando, Standardbank Spaarrekeningnr. 414 554 361, Castle Walk-takkode: 014 645

Enige verdere navrae kan gerig word aan die volgende persone:

Kampleier:	Thinus Nienaber	083 772 5533 / thinusn777@gmail.com
Kampadmin (Wapadrand):	Annelize van der Loo	083 958 0581 / akladm.wapadrandvtk@gmail.com
Kampadmin (ander kommando's):	Carin Coetzer	084 833 3360 / carin.coetzer@telkomsa.net
Kampfinansies:	Koos Stofberg	082 577 1234 / koosstofberg@sanlam4u.co.za
Kampadjudant:	Mariaan Booysen	083 287 5158 / booysen.mariaan@gmail.com